

Ligdraers

Julie 2015

Caprivi uitreik – Julie 2015



As mens van die 'Caprivi' praat, sien verskillende mense verskillende prentjies in hul kop. Party dink aan die 'bosoerlog' en hulle dae op die grens. Ander dink 'avontuur', te danke aan die olifante wat daar nog wild rondloop, die talle 4x4 roetes en Zambesi-rivier wat vol tiervisse is. Ander dink weer 'handel', aangesien baie hoofroetes van die Suide na die Noorde hierdeur loop en die Caprivi 'the Gateway to Africa' genoem word.

Wanneer mens egter bietjie tyd daar spandeer en met die mense te doen kry, sal jy nog 'n paar prentjies sien, mooi en lelike prentjies. Jy sien evangeliste wat nie kos in die huis het nie; kinders wat ondervoed is; groentetuine wat in die droogte misluk het; mielielande sonder 'n oes; kos-store wat leeg staan; krane wat weens die watertekort toegesluit is; maer, uitgeteerde vrouens, moeg van al die werk; mans wat daagliks in 'n kring by 'n sjebeen sit, dobbelstene gooi en praat oor die bakkie wat nou al jare lank stukkend onder die boom staan. Mens sien ellende, hopeloosheid, armoede, honger en dors.



Maar ten spyte hiervan, is daar net soveel mooi prentjies. Jy sien mense met mooi harte; mense wat groot glimlag as hulle broers en susters uit Suid-Afrika hulle besoek; jy hoor hulle pragtige stemme wat in 'n vreemde taal harmoniseer terwyl hulle die Here se Naam loof en prys. Jy sien mense in klein gemeentes se nuuskierigheid, en hul opregte omgee, mense wat tevrede is met hul eenvoudige bestaan.

Tydens die Junie/Julie-vakansie sien mens baie Vrystaat nommerplate in die Katima Mulilo omgewing. Uitreikgroepe uit die Vrystaat is nou al jare lank besig om deel te word van hierdie prentjies. Hulle wil graag die lelike prentjies in mooi prentjies verander. Daarom bring hulle 'n boodskap van hoop en van God se liefde en Jesus se genade. Hulle is naïef genoeg om te glo dat hulle 'n verskil kan maak, en hulle doen dit deur die Capriviane basiese vaardighede aan te leer, groentetuine aan te lê, kerkgeboue te verf, sokker te speel met kinders, poppekas te hou, basiese mediese hulp te verleen, en deur onbaatsugtig te dien.



Ek het die voorreg gehad om nou al 10 keer hier uit te reik. Elke keer net so besonders en verrykend soos die ander. Elke jaar kom 'n span mense terug met 'n entoesiasme en versterkte geloof. Elke jaar verander jongmense se lewens vir altyd. Elke jaar kom jy terug, ontugter. Elke keer besef jy: jy leer nie vir mekaar nie – jy leer by mekaar! Christene van verskillende lande, kulture en omstandighede groei saam en leer saam, en nuwe prentjies word gemaak – mooi prentjies. Prentjies van hoop. Prentjies wat net 'n seën van Bo is.

Die Caprivi uitreike skep 'n mooi prentjie in my kop. Nie net kom maak God my dankbaar vir dit wat ek het nie, maar Hy kom maak energie los onder 'n klomp mense wat weer terugploeg op eie bodem. God kom ruk my tot stilstand en wys my wat werklik saak maak in hierdie lewe. Ons maak dalk nie 'n reuse verskil in duisende mense se lewens nie, maar goeie saad word gesaai. En ons is nie verantwoordelik vir die groei daarvan nie – die Here self doen dit! Wat 'n voorreg om jaarliks te sien hoe die Here werk en verandering bring!



Wat 'n mooi prentjie is dit nie?!

Ds Mias van Jaarsveld
Leraar, NG Kerk Bethlehem-Wes

Tel: +27 (0) 51 406 6729 | Faks: +27 (0) 86 502 0811 | E-pos: missie@ngkvs.co.za | Posbus 11412 | Universitas 9321